

13 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-34
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Kenmerke van die ware kerk – suiwere sakramentsbediening

Kan die manier waarop mense nagmaal gebruik hulle siek maak? Ja, volgens Paulus, en sommer dodelik siek ook (vers 30)! Die nagmaal kan swakhede en sterftes veroorsaak! Maar, soos die Skrifgedeelte toon, dit is nie as gevolg van aansteeklike siektes wat deur nagmaalsgebruik OORGEDRA word nie. Dit is eerder die gevolg van geestelike siektes wat aan nagmaalsgebruik VOORAFGAAN.

Wat is dan hierdie geestelike siektes wat sulke dodelike gevolge kan hê? Paulus noem verdeeldheid onder mekaar (vers 18) en gebrek aan selfondersoek (vers 31). Eintlik is hierdie twee siektes simptome van dieselfde saak: Mense gebruik nagmaal sonder om te besef wat hulle doen. Hulle besef nie dat nagmaal die dood van Jesus Christus verkondig nie (vers 26), hulle dink nie aan Jesus se dood in hulle plek nie (vers 29), hulle vergeet die boodskap van die nagmaal: Alles, alles is onverdiende genade! By die nagmaal eet en drink ons genade!

Nooit mag die nagmaal dus 'n wapen wees nie. Nooit mag dit 'n plek of saak wees waaroor verskille op die spits gedryf word nie. Dieselfde prys is mos vir almal betaal, dieselfde genade red ons en hou ons aan die lewe. Gebruik die nagmaal só dat die eenheid in Christus seëvier! Kom ons leer by Paulus dat suiwer sakramentsbediening hierdie vrug het: deur die gedagtenis aan Christus doen dit net GOED in die samekomste van die gemeente, nie kwaad nie (vers 25, 17).

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)